III BONSAI STYLE MET AKASIAS

GESKIKTE STYLE VIR AKASIAS

DAAN DU TOIT

Akasias kan in 'n wye reeks van erkende bonsai- style gevorm word. Sekere style is egter onnatuurlik en nie versoenbaar met die groeiwyses van Akasias in die natuur nie. Hierdie style moet liefs vermy word. Voorbeelde hiervan is onder andere die oorhangstyl, formeel-regop, "windswept" en wortel-oor-rots. Droë hout (jin) is ook nie gepas by Akasias nie.

Van die mees algemene en geskikte style vir Akasias word vervolgens kortliks behandel. Hierdeur word gepoog om hierdie style as selfstandig en nie bloot as variasies op die informeel-regop styl of van die besemstyl in sommige gevalle nie.

Buiten hierdie style, kan boompies ook in 'n informele natuurlike styl gevorm word. In hierdie styl word net die basiese vereistes vir 'n bonsai nagevolg en dit sal derhalwe nie hier behandel word nie.

DIE PIERNEEFSTYL

CHARLES CERONIO

(Oorgeneem uit die Pretoria Bonsai Kai se Bonsai Bulletin Vol 1 no 3, 1981)

Die Pierneefstyl is 'n tipiese Suid-Afrikaanse styl, kenmerkend geskep deur die beroemde Pretoriase kunstenaar J H Pierneef. Sy tipiese bosveldtonele met die haak-en-steekdoring as die fokuspunt, het gesorg dat ons oë vir ons eie flora en veral die Akasias oopgegaan het.

Akasias kom oor die grootste gedeelte van ons land voor en alhoewel sekere soorte rypgevoelig is, kan andere die strafste klimaat trotseer. Derhalwe kan hulle oral vir Bonsai gebruik word.

Die Pierneefstyl het sy eie besondere eienskappe. Omdat dit 'n styl is wat sonderling inheems is, behoort ons gevolglik meer te streef om hierdie styl onder ons versamelings te voeg.

Die Pierneefstyl is gebaseer op die besemstyl; daar is egter duidelike verskille. Die egte besemstyl se voorkoms is een van 'n oop waaier wat elegant in voorkoms is. Gewoonlik word bome soos Olms, Witstinkhoute, Zelkovas en Esdorings vir die formele besemstyl gebruik. Hierdie bome se groeiwyse is slank en vleiend in voorkoms . Die takke sprei uit soos 'n waaier en strek na bo. Geen takke word afwaarts toegelaat soos in die geval van die Wilgerboomstyl nie.